OESTERBAAINUUS

Voorsitter: *Walter Kurten* *Sel: 0824571779*
Sekretaresse: *Lana Pepler* *Sel: 0823354874*
Tesourier: *Hettie Jooste* *Sel: 0845890101*
Adres: Posbus 25, Oesterbaai, 6305

Dear Oyster Bay Friends

"The greatest gift you can give someone is your time
Because when you give your time,
You are giving a portion of your life that you will never get back!"

We are getting ready for the December holiday season and hope to welcome all of you back in Oyster Bay for a well-deserved rest, lots of fun and a festive season full of blessings. Herewith, a few things we would like to share with you:

Die OIV het ’n goeie samewerkingsverhouding met Raadslid Diana Biggs (proporsionele raadslid), wat ook saam met Raadslid Z Mayoni die belange van Wyk 1 behartig. Diana is passievol oor Oesterbaai en Umzamowethu. Sommige van die aspekte wat sy namens die OIV dryf en waaroor ons gereeld gesprek voer, is die volgende:

- Herinstelling van die huurooreenkoms van die gemeenskapsaal met die OIV as huurder
- Watervoorsiening
- Bouwerk aan die brandweerdepot/-stasie
- Afvalstortingsterrein
- Paaie – o.a. ook die verantwoordelikheid van die windplase in dié verband
- Voertuie op die strand
- Duine
- Werkskepping in Umzamowethu

Die OIV beoog ook om ’n verkorte noodplan (aksiekaart) in elke woning en by die winkel beskikbaar te stel teen die aanbreek van die vakansieseisoen.

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING MYLPALE
Desember 2011: Die Uitvoerende Komitee van die Oesterbaai Belastingbetalersvereniging, met Willie du Plessis as voorsitter, stel die volgende projekte as prioriteite: duine en Slangriviermond; watervoorsiening; paaie/stormwater; ablusiegeriewe/parkering; brandgevaar en verfraaiing van die dorp.
Desember 2012: Besluit word geneem dat die Oesterbaai Belastingbetalersvereniging verander na ’n Inwonersvereniging en ’n nuwe grondwet word goedgekeur
Desember 2013: Die Oesterbaai Belastingbetalersvereniging word amptelik ontbind. Willie du Plessis bedank as voorsitter en Walter Kurten neem die leisels oor.

Die OIV is hoofsaaklik afhanklik van donasies, ledegeld en huurinkomste van die Oesterbaai Gemeenskapsaal om bogenoemde projekte aan te pak en danksy donasies wat ons die afgelope 5 jaar van die Oesterbaai eiendomseienaars ontvang het, kon ons verskeie van hierdie projekte aanpak. Hiermee ’n kort opsomming van fondse spandeer sedert 2012:

Omgewingsbestuursplan	R2 055 489
Water	R66 720
Paaie	R63 105
Gemeenskapsaal	R35 914
Algemene instandhouding en tuine	R69 877
Totaal	**R2 291 105**

SANDDUINE EN HERSTELWERK AAN DIE SLANGRIVIERMOND
Joe Meyer berig soos volg: “Ek het met Kouga Munisipaliteit gereël om masjiene beskikbaar te stel om die laaste sand weg te kry, Branderstraat oop te maak en instandhoudingswerk te doen aan die Slangriviermond en ander areas waar die sand weer opbou.

“Sodra die masjiene gereël is, sal ek Oesterbaai toe kom om die werk te doen. Die proses word ongelukkig op ’n tenderbasis gedoen en hopelik sal dit teen 23 November afgehandel wees sodat die werk dan dadelik kan begin en behoort dit afgehandel te wees teen 16 Desember.”

WATERVOORSIENING

Dit is weer die tyd van die jaar wat ons vir die Desembervakansie en vakansiegangers moet beplan. Soos almal weet, het die Oos-Kaap en die suidelike kusgebiede ’n baie swak reënseisoen gehad. Dit is ook die geval hier in Oesterbaai waar ons die invloed van die ondergemiddelde reënval sien in die dramatiese afname in die sterkte van die fonteine en boorgate wat die dorp en Umzamowethu van water voorsien. Dit beteken dat ons op ’n waterkrisis gedurende die vakansietyd in Desember afstuur.

Streng waterbeperkings is steeds van krag in die hele Kouga-gebied en dus ook in Oesterbaai. Daar word weer ’n beroep gedoen op inwoners om asseblief hierdie beperkings na te kom. Eienaars word ook weer aangemoedig om selfvoorsienend te raak met behulp van reënwatertenks of boorgate.

Die Kouga Munisipaliteit het intussen fondse goedgekeur vir die boor van twee addisionele boorgate. Hierdie befondsing het gerealiseer en die eerste gat is reeds geboor. Ons kan met groot vreugde aankondig dat dit suksesvol was en dat dit ongeveer 16 000 liter per uur lewer. Hopelik behoort ons in staat te wees om voor die begin van die vakansie die nuwe boorgat in werking te stel. Dit behoort die afname in die volume van die huidige stelsels aan te vul.

Executive Mayor, Elza van Lingen, said the municipality would drill for water at Jeffreys Bay, Humansdorp, Oyster Bay, Hankey and Patensie. She said Oyster Bay had been prioritized for the first borehole as the town's water supply levels were the most critical. "We were very excited when the water started flowing at Oyster Bay on Monday. The water does, however, first need to be tested to determine its quality and potential yield. Testing is taking place this week and we expect the final results during the course of next week," she said. (Kouga Express, 9 November 2017).

OYSTER BAY ‘DROP-ZONE’ DEVELOPMENT

Some residents of Oyster Bay and visitors entering the town for the first time most probably wonder if the town is building an obstacle course for cyclists at the current dumping site. This is, however, a Kouga Municipality project for the new drop zone that was awarded to NT Construction Company in July this year. Progress was slow due to administrative difficulties and has now come to a grinding halt. The Oyster Bay Residents Association is tracking the progress and following up with the relevant parties involved. The drop-zone will in all likelihood not be completed before the December rush, but the ORA is in close liaison with the relevant Kouga Municipality authorities to ensure that a safe and efficient waste removal system is in place for December.

The municipality has placed more bins at the current dumping site to ensure that there is minimal overflow. They will be providing at least double the number of waste bins for the holiday peak season. It is, however, crucial that everyone be aware that **NO BUILDING RUBBLE** is allowed to be dumped at the current Oyster Bay site. This is illegal and the municipality is not responsible for removing it. A signboard will be provided by Kouga Municipality with clear instructions on what is allowed to be dumped at the site. The co-operation of everyone to keep Oyster Bay clean will be appreciated!

KOUGA MUNICIPALITY CALL CENTRE AND APP TO IMPROVE SERVICE DELIVERY

Kouga Municipality is making it easier for residents to report and track service delivery problems in their wards. The Mayor of Kouga Municipality, Elza van Lingen, recently launched a new Kouga Municipality Call Centre in Humansdorp where service delivery problems can be reported at 042 200 8300, 042 200 8330, 042 291 0250 or 042 200 2250.

The municipality also integrated its systems with an app called Link, to form mobile communities for all 15 wards and improve service delivery. The free Link app is available for Android and iOS devices and can be downloaded at download.linkapp.co.za/#dl from Google Play or App Store. Upon registration the app will request permission to access your location – this is important, be sure to accept. To Link to your Ward (Ward 1), click on "+ and Add Channels". Select the blue Municipal Ward icon, allow the app to geo-locate you and Link to your Ward as displayed.

WINKELFASILITEITE

Vir kennisname: Daar was onlangs ’n brand by die Humansdorp Spar en TOPS Drankwinkel en hulle sal eers weer in 2018 vir besigheid heropen.

Die Oesterbaai Winkel en Drankwinkel het nuwe huurders gekry. Op die oomblik is daar baie min voorraad beskikbaar in die winkel, maar die huurders het onderneem dat dit in Desember ten volle operasioneel sal wees. Die Nautilus Restaurant doen besigheid soos voorheen.

Ons hou jou op hoogte!

LIDMAATSKAP EN LEDEGELD

Ons herinner jou graag dat ledegeld vir 2018 vanaf 1 November betaalbaar is. Ledegeld is steeds R50 per persoon en enige iemand (ouer as 18 jaar) wat Oesterbaai se belange op die hart dra, kan 'n lid word. Inbetalings kan by Hettie Jooste gedoen word, direk in ons rekening inbetaal word met jou naam en erfnommer as verwysing, of tydens die Algemene Jaarvergadering op 20 Desember betaal word.

Bankbesonderhede

Oesterbaai Inwonersvereniging
ABSA BANK
Tak: 632 005
Rekeningno: 4052178885
Stuur asseblief bewys van betaling aan Hettie by hjooste@absamail.co.za

BELANGRIKE DATUMS – DESEMBER 2017

Saterdag, 9 Desember	Blomtrein - Jan Blohm & Neil Nachtrein		River Kaya om 19:00
			Besprekings noodsaaklik - 084 515 2865
Vrydag, 15 Desember	Andre Swiegers		River Kaya om 19:00
			Besprekings noodsaaklik - 084 515 2865
Saterdag, 16 Desember	Geloftedagdiens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (NG Kerk, Humansdorp)
Sondag, 17 Desember	Erediens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (NG Kerk, Humansdorp)
Woensdag, 20 Desember	Algemene Jaarvergadering:	10:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal
Woensdag, 20 Desember	Kaleidoskoop		River Kaya om 19:00
			Besprekings noodsaaklik - 084 515 2865
Saterdag, 23 Desember	Kersmark & Gesins-pretdag	09:00	Branderstraat
			Pretdraf/-loop begin reeds 07:00
Saterdag, 23 Desember	Kersliedere by Flitslig	20:00	Tent, Branderstraat - **onthou jou flitslig**
Sondag, 24 Desember	Erediens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (NG Kerk, Humansdorp)
Maandag, 25 Desember	Kersdiens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (Gereël deur die OIV)
Sondag, 31 Desember	Erediens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (NG Kerk, Humansdorp)
Sondag, 07 Januarie	Erediens	09:00	Oesterbaai Gemeenskapsaal (NG Kerk, Humansdorp)

Die Inwonersvereniging bied vanjaar weer die gewilde Oesterbaai Kersmark en Gesins-pretdag, in samewerking met die NSRI, Stasie 36, aan.

Daar is nog net 'n beperkte aantal tafels oop – so indien jy iets het om te verkoop, moet jy gou spring om jou tafel te bespreek. Die koste is R100 per tafel. Skakel Riekie Pienaar by 082 822 6574. Ons benodig veral nog klein snuisterye en oulike "laaste minuut"-geskenkies, asook iemand wat boereworsbroodjies wil verkoop.

Oefen ook solank vir die oggend se Pretloop (halfpad of die hele pad na Klippenpunt toe), maar al is jy nie baie fiks nie, kom stap net saam vir die pret.

Onthou, 'n Oesterbaaivakansie is vir die *hele* gesin – bring dus die gesin se honde ook saam om op die strand te baljaar, maar respekteer asseblief die onderstaande versoek rakende jou honde. En skryf hulle in vir die Groot Oesterbaai Hondeskou op die oggend van die Kersmark.

HONDE OP DIE STRAND

Soos in die verlede, doen ons weer 'n ernstige beroep op **alle** honde-eienaars dat hul honde aan leibande moet wees op die swemstrand (van die rotse aan die linkerkant tot verby die groot duin aan die regterkant). Indien jy hulle los maak op die afgeleë strand, respekteer asb. ander mense en beheer jou hond. Verskeie klagtes is ontvang van vakansiegangers wat kla oor honde wat los loop op die strand, ander mense steur en pla by die neste van die Tobies wat hierdie tyd van die jaar broei. Daar is reeds verskeie strande in die Kouga-gebied waar honde totaal verbied word. Ons wil Oesterbaai graag uniek hou sodat jou honde die vakansie saam met jou kan kom geniet en vra baie mooi dat hierdie reëls asseblief streng nagekom sal word.

NUUSBROKKIES ☺☺☺ **NUUSBROKKIES** ☺☺☺ **NUUSBROKKIES** ☺☺☺

Die dames van die Oesterbaai Kletsklub het onlangs Borskankermaand ondersteun. ’n Pienk Tee is gehou en ’n bedrag van R1701 is aan die Kouga Kankervereniging oorhandig.

☺☺☺

On 14 October, the Living Water team, with the help of the municipality and the Umzamowethu soccer team, led a beach clean-up at Oyster Bay. The rubbish along our shores is mostly caused by the chokka boats not regulating their waste.

☺☺☺

Die bushalte by die ingang van die dorp lyk sommer nou spoggerig nadat Sandwater Primêr se leerders dit met veelkleurige verf verfraai het.
Dit is verlede jaar deur die OIV opgerig nadat daar ’n groot behoefte geïdentifiseer is by die inwoners van Umzamowethu wat in wind en weer vir vervoer dorp toe moes wag. Die bushalte is egter onlangs deur graffiti ontsier, maar het sowaar nou ’n nuwe, kleurvolle baadjie aan. Baie dankie Sandwater. Dis pragtig!!!

☺☺☺

ALGEMEEN
Enige addisionele inligting/nuuswaardighede oor die doen en late van die Oesterbaai Inwonersvereniging en die Oesterbaai gemeenskap kan verkry word deur die webblad http://www.oesterbaai.info/oiv.html te besoek. Baie dankie ook weereens aan Mias Strydom wat al hierdie inligting vir ons gratis op die webblad plaas.
Indien jy enige nuuswaardigheid het om met ons te deel of indien daar enige iets is wat jy onder ons aandag wil bring, kontak asseblief enige een van die komiteelede en ons gee graag aandag daaraan.

Oesterbaaigroete!
Uitvoerende Komitee
Oesterbaai Inwonersvereniging